# WAT IS KULTUUR? 'N FILOSOFIESE ANTWOORD

J.M. Kirsten

***ABSTRACT***

*The essay offers a philosophical answer to the traditional question concerning the "essence" of culture. A descriptive procedure is adopted whereby the phenomenon of culture is approached from two different, but interrelated perspectives. First of all a cross section is made of the structure of culture in order to describe the phenomenon in its unity. From this dioramic perspective culture is defined as the transcendence of nature by man on the basis of strategic actions which subject both nature and man himself to new and never-changing forms. Secondly an overview is given of the context of culture in order to describe it in its totality. From a panoramic viewpoint, it is suggested, culture refers to history as the encompassing context in which dwelling man moves towards the world of the future through the continuous re-working of his present abode.*

Ek wil probeer om 'n filosofiese antwoord te verskaf op die vraag na die eie-aard van kultuur. Hieroor enkele inleidende opmerkinge.

Om oor kultuur te *filosofeer* beteken om op 'n besondere manier na kultuur te vra en daaroor na te dink. Dit is byvoorbeeld iets heel anders as om 'n vakwetenskaplike studie daarvan te maak. Die filosofiese vraagstelling is nie op die insameling en klassifikasie van sogenaamde gegewens gerig nie. Sodanige feitekennis oor die kultuur tref 'n mens onder andere in die kulturele antropologie, die volkekunde en in die kultuurgeskiedenis aan. Filosofiese kennis is van 'n ander orde: dit het nie te make met die empiriese orde van feite wat gekontroleer kan word nie, maar met die konseptuele orde van betekenisse wat verantwoord moet word. Die

vrae wat die kultuurfilosofiese besinning aan die gang sit, is vrae wat ons 'n insig wil gee in die sin of betekenis van kultuur deur ons begrip daarvan te verhelder en duidelik te omlyn.

Die kultuurfilosofiese problematiek sentreer tradisioneel in die vraag na die *eie-aard*, die sogenaamde 'wese' van kultuur. Wat, so word gevra, is kultuur in sy eenheid en in sy totaliteit? 'Eie-aard' verwys hier na dit wat kultuur tot kultuur maak en dit van ander werklikheidsgebiede onderskei. Ek meen dat dit wat kultuur ás kultuur definieer, nie self in enkele definisies vasgevang kan word nie. In stede van 'n deduktiewe stel ek 'n beskrywende werkwyse voor wat die eie-aard van die kultuurverskynsel vanuit 'n tweërlei perspektief aan die lig moet bring. Ek beoog eerstens 'n *diorama* van die kultuur. Dit beteken dat ek 'n *deursnit* wil maak van die *struktuur* van die kultuurverskynsel ten einde dit in sy *eenheid* te beskrywe. Tweedens wil ek 'n *panorama* van die kultuur verskaf. Dit behels 'n *oorsig* van die *konteks* waarin alle kultuurgegewens en -prosesse figureer ten einde kultuur in sy *totaliteit* te beskrywe. Deur middel van die strukturele diorama en kontekstuele panorama van kultuur moet die eie-aard van die verskynsel dus só beskrywe word dat ons onderskeidelik agter die eenheidsbetekenis en die totaliteitsbetekenis van die kultuurbegrip kan inkom.

## DIE STRUKTUUR VAN DIE KULTUURVERSKYNSEL

Met die *struktuur* van kultuur bedoel ek *die samehang of onderlinge verband tussen die verskillende onderskeibare elemente wat daarin 'n rol speel.*

Wanneer ons die kultuurverskynsel gaan analiseer, blyk dit die struktuur van 'n *polêre verhouding* te besit, dit wil sê van 'n verhouding tussen twee pole wat onderling op mekaar betrokke is. Kultuur veronderstel struktureel 'n *mens* wat iets (die kultuurproduk) doen (die kultuuraktiwi-

teit) met die *natuur*. Dit is verder duidelik dat die twee pole van mens en natuur wel van mekaar onderskei moet word maar nooit van mekaar geskei mag word nie. Kultuur is altyd die kultivering *van* die natuur *deur* die mens. Enersyds vorm mens en natuur dus *onherleibare dualiteit*, dit wil sê 'n tweeheid wat teenoor mekaar staan en nie tot mekaar herlei mag word nie. Andersyds vorm hulle 'n *onderlinge eenheid*, dit wil sê is hulle wedersyds op mekaar betrokke en mag hulle nie van mekaar losgemaak en in isolasie van mekaar beskou word nie.

Die verhouding wat die twee pole van mens en natuur met mekaar verbind, is die *kultuuraktiwiteit* wat in kultuurprodukte tot uitdrukking kom. Vir die kultuuraktiwiteit kan die term *omvorming* of vormgewing gebruik word. *Kultuur is struktureel die omvorming van die natuur deur die mens.* In die lig hiervan kan ons kortliks die volgende beskrywing gee van die *drie* onderskeibare elemente van die struktuur van die kultuurverskynsel, te wete die *natuur*, die *mens* en die *kultuuraktiwiteit*.

**Die objek van kultuur: die natuur**

Die term *omvorming* impliseer eerstens 'n objek of voorwerp waaraan 'n nuwe vorm gegee, wat omgeskep word. Kultuur is nie 'n aktiwiteit wat in 'n lugleegte afspeel en op niks slaan nie. Dit is ook nie 'n soort skepping *ex nihilo* nie; inteendeel, kultuur is 'n gerigte aktiwiteit. Dit is gerig op 'n bepaalde voorwerp, 'n oorspronklike gegewe of 'n grondstof waaraan deur die mens vorm en daarmee ook betekenis gegee word.

Hierdie voorwerp is die brute *natuur* (werklikheid) wat die kultuurskeppende mens omvorm en so by sy (kultuur-) wêreld inlyf. die natuur waarvan hier sprake is, verwys nie net na die sogenaamde *buite*-natuur wat deur die mens bewerk en versteur, verfraai en ontsier word nie. Dit het ook betrekking op die sogenaamde *binne*-natuur, byvoorbeeld

die natuurlike aanleg van die kind wat deur opvoeding ontwikkel of gefrustreer word; die natuurlike driflewe van die mens wat deur die samelewing gekanaliseer of onderdruk word. Hierdie twee aspekte van die natuur as kultuurobjek hang ten nouste met mekaar saam. Die wyse waarop die mens die buitenatuur omvorm, beslis ook oor die wyse waarop hy aan sy eie natuur vorm gee. Sosiale ingenieurswese en genetiese manipulasie is byvoorbeeld nie toevallig in 'n kultuur wat deur die magsmotief van progressiewe natuurbeheersing gekenmerk word nie.

As die objek van die mens se kultuuraktiwiteit is die natuur terselfdertyd die *objektiewe voorwaarde* vir die moontlikheid van kultuur as sodanig. Gesien die strukturele verbondenheid van mens en natuur kan daar sonder natuur geen kultuur wees nie. Natuur is soos die boetseerklei, waarsonder die vormende vingers van die kultuurskeppende kunstenaar ledig is. Die natuur is met ander woorde die basiese gegewe waarop kultuur berus, die grondstof waarvan die mens hom in die vervaardiging van sy kultuurprodukte bedien. Uit die voorwaardelikheid van natuur vir alle kultuur is dit duidelik dat die omvorming van die natuur van so 'n aard moet wees dat dit nie die voortbestaan van die natuur in gevaar stel nie. Dan word immers ook die kultuur en dus die mens as kultuurwese sélf met vernietiging bedrieg.

**Die subjek van kultuur: die mens**

Naas die natuur as objek van kultuur impliseer die aktiwiteit van omvorming ook 'n kultuur*subjek* of -agent. Kultuur beteken nie sonder meer 'n verandering van die natuur, 'n gewysigde natuurtoestand, soos wat byvoorbeeld by 'n natuurramp die geval is nie. Dit veronderstel die strewe, ontwerp of strategie van 'n subjek waardeur die natuur op 'n nuwe of ander vlak gebring word. Natuuromvorming is 'n bedoelende aktiwiteit waarin na sinvolle vorme gesoek word. 'n Aardbewing

of sikloon kan ook in die natuur ingryp en dit verander, maar in hierdie spel van brute natuurkragte ontbreek die ontwerp wat in 'n nuwe vorm uitdrukking soek. In hierdie sin is kultuur 'n (inter-) subjektiewe verfyning, toespitsing of ordering van die grondstof van die natuurlike gegewene.

Die subjek van die kultuur is die *mens*. Die omvorming van die natuur is 'n menslike onderneming - die ontwerp waarvolgens die mens deur sy werksaamhede die natuur in ooreenstemming met sy oogmerke, strewes en behoeftes in 'n sinvolle leefwêreld omskep. Die (kultuur-) wêreld weerspieël in en deur sy verskeidenheid van vorme daarom altyd die uiteenlopende bedoelinge van die (kultuurskeppende) mens. Die menslike vormgewing waarvan hier gepraat word, verwys nie net na die *fisiese* of *praktiese* verfyning en ordening van die natuurgegewe materiaal soos dit vanaf die eenvoudige versiering tot by die gekompliseerde ingenieurskonstruksie tot uitdrukking kom nie. Dit het ook betrekking op die minder vanselfsprekende vorme van verfyning, te wete die *geestelike* of *teoretiese* toespitsinge van die natuur. Dit is dié vormgewinge wat dáár plaasvind waar byvoorbeeld die denker of die wetenskaplike probeer om die natuur deur middel van fundamentele gesigspunte of wetmatighede te orden en so deursigtig te maak.

As die subjek van kultuur is die mens tegelykertyd die *subjektiewe voorwaarde* van kultuur as sodanig. Waar die mens nie is nie, is ook nie kultuur nie, maar oral waar die mens is, is kultuur. Op grond van die onderlinge afhanklikheid van mens en natuur in die kultuuraktiwiteit kan daar sonder die mens geen sprake van kultuur wees nie. Kultuur is immers die produk en die aktiwiteit sélf van die mens se lewende omgang met die natuur. Meer nog: kultuur is die wesenlike uitdrukking van die bestaanswyse van die mens waardeur hy hom van byvoorbeeld die dier onderskei. Die mens onthul sy menslikheid alleen in en deur sy kultivering van die natuur. Daarom volg kultuur

die mens soos sy skaduwee. Dáárvoor bestaan 'n biologiese rede: op grond van sy ongespesialiseerde bouplan kan die menslike spesie fisies alleen oorleef deur sy eie (kultuur) wêreld te skep.

**Die kultuuraktiwiteit**

Die kultuuraktiwiteit gee die verhouding of relasie tussen mens en natuur aan. Hierdie polêre verhouding kan as 'n ontmoetingsgebeure of 'n dialoog opgevat word waarin die ontmoetingsterme of gespreksgenote in 'n dinamiese *interaksie* of wisselwerking verkeer.

Enersyds beteken dit dat die mens in sy kultuuraktiwiteit nie net aan die natuur vorm gee nie maar terselfdertyd ook self gevorm word. Wêreldontwerp impliseer selfontwerp. Elke ontmoeting of kontak wat hy met die natuur het en waarin hy omvormend op die natuurlik gegewene ingryp, is 'n gebeure waardeur hy ook vormgewend op homself ingryp. Die kultuurskeppende mens is soos die kunstenaar wat alleen in die lewende omgang met sy materiaal ware kunstenaar is. Dit beteken andersyds dat die mens die dialoog, die voortdurende worsteling met die natuur nodig het ten einde mens te wees. Juis omdat die mens nie 'n natuurwese is nie maar 'n kultuurwese wat vir die wêreld oop staan, kan hy alleen mens wees in die interaksie met die natuur waarin die natuur omgedolwe en deurvors word en die mens self ontwikkel en verryk word.

Kultuur is dus die dinamiese verskynsel waarin *mens en natuur tesame* betrokke is en *in beweging* kom. Dit is die omvormingsproses waarin die natuur gewysig word en waarin tegelykertyd die mens homself voortdurend hernuwe.

*Samevattend:* In die voorgaande is 'n deursnit gemaak van die struktuur van die kultuurverskynsel ten einde dit in sy eenheid te beskrywe. Wat is die resultaat van hierdie strukturele diorama van die kultuur? Ek wil die *eenheidsbete-*

*kenis* van kultuur só formuleer: *Kultuur is die oorskryding van die natuur deur die handelende mens in 'n proses van interaksie waarin sowel die natuur as die mens self vanuit strategiese oogmerke aan voortdurende nuwe vormgewinge onderwerp word.*

DIE KONTEKS VAN DIE KULTUURVERSKYNSEL

Met die *konteks* van kultuur bedoel ek *die omvattende verband waarin die verskillende struktuurelemente van die kultuurverskynsel optree.*

Wanneer kontekstueel na die kultuurverskynsel gekyk word, blyk dit steeds 'n situasie te veronderstel. Alles wat met kultuur te make het, hou verband met die in-die-wêreld-wees van die mens. Die situasie van die mens in die wêreld wil ek nader bepaal as sy *woonsituasie*. Kultuur is struktureel beskryf as die omvorming van die natuur deur die mens. Dit is dieselfde gedagte wat kontekstueel uitgedruk word deur kultuur as woonsituasie te tipeer. Die woonsituasie van die mens is naamlik nie 'n natuurgegewe toestand nie maar die uitdrukking van sy vormgewing áán die natuur. In sy bewoning van die wêreld situeer die mens hom deur die natuur in 'n kultuurtuiste om te skep. Kultuur omvat die wye verband van aktiwiteite en produkte wat verwys na die veelvormige wyse waarop die mens hom in die wêreld vestig deur die natuur as 'n woonplek in te rig.

Kultuur as bewoning van die wêreld

Kultuur as woonsituasie kan van twee kante af bekyk word: van die kant van die *wonende mens* en van die kant van die *bewoonde wêreld*.

Kultuur is enersyds 'n wesenlike uitdrukking van die *mens*, te wete van daardie faset van die mens wat deur die som

van sy intellektuele, geestelike en liggaamlike *werksaamhede* verteenwoordig word. Deur die eeue is velerlei 'definisies' van die mens opgestel. Die mens is al getipeer as *homo rationalis* (die denkende mens) *homo faber* (die makende mens), *homo discens* (die lerende mens), *homo loquens* (die sprekende mens), *homo ludens* (die spelende mens), *homo pictor* (die simboliserende mens), *homo orans* (die biddende mens), *homo oeconomicus* (die doel-rasioneel handelende mens), *homo sociologicus* (die sosiale rolbekledende mens) ens. In elke geval beskryf hierdie definisies die een of ander werksaamheid van die mens en veronderstel dit - direk of indirek - sy aktiewe betrokkenheid op die natuur wat in 'n menslike woonplek omgevorm word. Al die definisies beskryf dus één aspek van die mens as 'n kultuurskeppende en kultureel gevormde wese. Daarvolgens kwalifiseer die mens per definisie as 'n *kultuurwese*. Word ons woonsituasie van die kant van die mens as kultuurwese bekyk, dan verwys kultuur veral na die *aktiwiteit* of dinamiese gebeure van die mens se bewoonbaar mâák van die natuur, dit wil sê na 'n *kultiveringsproses*.

Andersyds is kultuur 'n wesenskenmerk van die *wêreld*, naamlik van daardie aspek van die werklikheid wat ons *histories* noem in onderskeiding van die natuur. Ook van die wêreld van die verlede en van die hede is en word allerlei tiperinge gegee. In die verlede is na Europa as die Christelike-Germaanse wêreld verwys, terwyl daar vandag van 'n na-Christelike wêreld gepraat word. Die kollig wat in die jongste verlede nog op die Nuwe Wêreld geval het, het tans na die Derde Wêreld verskuif. Die Viktoriaanse wêreld het plek gemaak vir 'n permissiewe wêreld, die agrariese vir 'n industriële, die burgerlike vir 'n revolusionêre. In elke geval beskryf hierdie tiperinge ('n deel van) die aarde vanuit die gesigspunt van die een of ander vorm van menslike bewoning daarvan en veronderstel dit - regstreeks of onregstreeks - die resultaat van die mens se vormgewing aan die natuur. Al die tiperinge beskryf dus één aspek van die wêreld as die kultuurtuiste

van die mens. Dit regverdig die stelling dat die wêreld per definisie 'n *kultuurwêreld* is. Word ons woonsituasie van die kant van die wêreld as kultuurwêreld bekyk, dan verwys kultuur veral na die *produk* of objektiewe resultaat van die veelsydige werksaamhede van die mens, dit wil sê na *kultuurbesit*.

kontekstueel gesien, so blyk dit, omvat kultuur *beide* die *gesigspunte* van *mens* én *wêreld*. Dit is die geval omdat ons woonsituasie na mens en wêreld vanuit die *een*, omvattende *gesigspunt* van hulle *onderlinge verhouding* tot mekaar verwys. Hierdie verhouding is 'n verhouding van *wedersydse implikasie*. Wie binne kultuurverband na die mens verwys, verwys altyd na die *wêreldbewonende mens;* en wie van die wêreld praat, praat altyd van die *mensbewoonde wêreld*. Dit is dieselfde beginsel wat in die struktuuranalise van die kultuurverskynsel as die onderlinge afhanklikheid van mens en natuur aangedui is. Immers, wanneer beweer word dat die mens 'n kultuurwese is, moet steeds onthou word dat die werksaamhede van die mens in die wêreld afspeel, dit wil sê aan die natuur vorm gee. Omgekeerd, as beweer word dat die wêredl 'n kultuurwêreld is, verwys 'wêreld' steeds na die wêreld onder die gesigspunt van die mens se bewoning daarvan, dit wil sê as menslik gevormde natuur. Die woonsituasie van die mens in die wêreld laat dit gevolglik nie toe om mens en wêreld van mekaar te skei en as apartstaande, onafhanklike entiteite teenoor mekaar te stel nie. Tussen mens en wêreld bestaan daar geen apartheid nie. Hulle is daarenteen onderling op mekaar aangewys en met mekaar verbonde, omdat hulle sáám verwys na en omvat word deur die één, geïntegreerde kader of verband van die menslike woonsituasie wat as 'kultuur' bekend staan. Om in konteks na die kultuur te kyk beteken om te kyk na alles wat inbegrepe is in hierdie verhouding van wedersydse afhanklikheid tussen die natuuromvormende mens as wêreldbewoner en die omgevormde natuur (=wêreld) as menslike woonplek.

## Kultuur as verhuising in die tyd

Die konteks van kultuur sluit egter méér in. Dit verteenwoordig die mens se woonsituasie nie net in 'n *ruimtelike*, uitgebreide opsig nie maar ook in 'n *tydelike*, historiese perspektief. Om kultuur in konteks te sien behels nie bloot 'n snit in die *breedte* of dwarste van ons woonsituasie nie. Dit behels tewens 'n snit in die *lengte* van die veelvormige wyse waarop die mens in die loop van sy geskiedenis die wêreld bewoon het. Ons woonsituasie is nie 'n statiese, tydlose gegewe wat eens en vir altyd dieselfde bly nie. Dit is iets dinamies en veranderliks wat nie alleen van tyd tot tyd wysiginge ondergaan nie maar in dieselfde tydperk ook van plek tot plek wissel. Die mens mag sy eie kultuursituasie daarom nooit verabsoluteer, dit wil sê van sy historiese konteks los maak nie. Dit is naamlik *relatief*, dit wil sê dit staan in relasie tot sowel die mens as die wêreld en bring daardeur hulle *historiese veranderende relasie* tot uitdrukking.

Die konteks van kultuur blyk dus van 'n tydelike of historiese aard te wees. Die strukturele relasie tussen mens en natuur speel in 'n tydsverband af, in die omvattende verband van die geskiedenis. Wanneer die woonsituasie van die mens vanuit hierdie oogpunt bekyk word, ontdek ons dat die *wonende* mens in der waarheid 'n *verhuisende mens* is. Die verhuisende mens is 'n mens wat hom nie tydloos en definitief in 'n bepaalde woonbuurt vestig nie maar wat hom met die verloop van tyd steeds weer in nuwe omgewings moet hervestig. Met die verhuisende mens korrespondeer die beeld van die *bewoonde* wêreld as 'n *verskuiwende wêreld*. Die verskuiwende wêreld is 'n wêreld wat geen vasomlynde grense het nie en dus nooit finaal in kaart gebring kan word nie, maar wat die verhuisende mens begelei as die altyd wyer uitkringende horison van sy steeds veranderende woonplek. Die verhuisende mens woon in 'n verskuiwende wêreld. Dit verleen aan sy woonsituasie die krakter van 'n *trektog*. Kontekstueel gesproke is kul-

tuur die wêreldreis van die mensdom deur die geskiedenis. Die historiese verband van kultuur blyk daaruit dat ons woonsituasie 'n uitdrukking is van die (onder) weg (wees) van die mens van die reeds bekende wêreld na nuwe, ongekarteerde wêrelde.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die trektog van die verhuisende mens in 'n immer verskuiwende wêreld nie soseer op die letterlike verhuising van die mens *in die ruimte* dui nie. Dit verwys eerder in 'n figuurlike sin na sy verhuising *in die tyd*. Die wonende mens is 'n verhuisende mens omdat hy in die tyd op weg is na 'n nuwe wêreld - die wêreld van die toekoms. Só 'n verstaan van die menslike woonsituasie is veral van belang met die oog op 'n taksering van die moderne wêreld. In die verlede kon die mens wat sy woonsituasie wou verander, vir hom 'n nuwe plek verower as hy maar gewillig was om op te pak en van woonplek te verwissel. Daarvan getuig die oud-Europese volksverhuisings, die verowering van die Nuwe Wêreld, die koloniale ekspansionisme en ons eie Groot Trek. Vandag word die moontlikheid om in die begrensde woonruimte van 'n oorbevolkte aarde na onbesette gebiede te verhuis egter al hoe meer beperk. Wie sy woonomstandighede wil verander deur te verhuis, kan dit nie meer doen deur die oop ruimtes van onbewoonde wêrelddele in te trek nie. Hy kan dit alleen doen deur die oop tyd van die toekoms (-tige wêreld) in te gaan deur 'n verandering van sy bestaande woonruimte. Die *nuwe wêreld* waarop die mens sy verhuisingsdrang rig, impliseer daarom nie meer die verowering van 'n *nuwe ruimte* nie maar die verowering van 'n *nuwe tyd*. Die verhuisende mens is op weg na 'n nuwe wêreld - nie deur ruimtelik van woonplek te verander nie maar deur sy *woonplek self* in die tyd *te verander*. Die wonende mens, en by uitstek die mens van vandag, is 'n verhuisende mens, omdat hy 'n nuwe toekoms skep vir die ruimte waarin hy tans woon.

Kultuur as vernuwing van die bestaande

Die woonsituasie van die mens gee die historiese konteks aan waarin hy die natuur tot sy kulturele woonwêreld omvorm. Die verhouding tussen die wonende mens en die bewoonde wêreld verander voortdurend. Dit is die geval, so is vasgestel, omdat die mens onophoudelik besig is om sy bestaande woonplek met die oog op die toekoms anders in te rig.

Daardeur kom 'n belangrike nuwe kontekstuele gesigspunt omtrent kultuur as woonsituasie na vore. Die wonende mens blyk naamlik 'n *verhuisende* mens te wees omdat hy 'n *makende* mens is. Die makende mens is die mens wat nie aan bestaande woonomstandighede konformeer nie en hom nie na gevestigde lewenspatrone skik nie. Dit is die mens wat sy woonomstandighede en lewenspatrone sélf bepaal deur dit telkens weer in die konstruksie van 'n eie, selfontwerpte woonruimte ter hand te neem. Die makende mens woon daarom in 'n *mensgemaakte wêreld*. Die wêreld wat die mens bewoon, is nie 'n natuurlike orde wat buite sy beskikkingsmag om gegee is nie, maar die artefak, die produk van sy selfwerksaamheid. Dit is daarom ook nie 'n vaste, gereedliggende orde waarby die mens hom alleen maar moet invoeg ten einde behaaglik te voel en tuis te wees nie. Die mens is alleen tuis in 'n wêreld wat hy self geskep het; hy voel hom alleen behaaglik in 'n wêreld wat hy volgens sy eie smaak en behoeftes ontwerp en ingerig het. Die mens is die argitek wat sy eie woonruimte beplan, die bou-aannemer wat sy eie woonplek oprig, die binnehuisversierder wat sy eie woning dekoreer.

Die woonsituasie van die makende mens in 'n mensgemaakte wêreld verkry hierdeur die karakter van 'n *werk*situasie. Kultuur kan kontekstueel as 'n wêreldwye of mondiale bedryf beskryf word. Dit is die historiese gewerskaf van die mensheid deur die eeue aan die konstruksie van 'n bewoonbare

wêreld. Die woonplek van die makende mens is 'n werkplek waar die kultuurbedrewe mens vir hom telkens weer 'n nuwe toekoms skep deur die onophoudelike verbreking, aanbouing of restourasie van sy bestaande woonruimte.

*Samevattend:* In die voorgaande is 'n oorsig gegee van die konteks van die kultuurverskynsel ten einde dit in sy totaliteit te beskrywe. Wat is die resultaat van hierdie kontekstuele panorama van die kultuur? Die *totaliteitsbetekenis* van kultuur kan só geformuleer word: *Kultuur verwys na die geskiedenis as die omvattende verband waarin die wonende mens na die wêreld van die toekoms verhuis deur die voortdurende vernuwing en herskikking van sy bestaande woonruimte.*